

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 206**

(Junie 1986)

## **Lewe . . . Sterwe . . . Hiernamaals**

\* \* \* \* \*

"En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed  
gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe  
neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."

(Johannes 14:3)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Troos by die afskeid

(Joh. 14)

Die dood praat met 'n mens.

Daar lê iets finaal in opgesluit.

*Die lewe op aarde word vir ons met iemand wat ons ken, deur die dood afgesluit.*

Is u bang vir die dood?

Afskeid wek hartseer.

Maar tog lê in die dood vir die kind van die Here 'n ryke troos opgesluit.

Dit is wat ek nou graag met u wil deel — die inhoud van die troos!

Troos beteken om iets terug te gee in die plek van 'n verlies wat gely is. Daardie woorde:

INNIGE SIMPATIE

wil die verlies vervang.

Al deel ons tot 'n groot mate daardie ander persoon se pyn en hartseer waar niemand werklik kan peil nie — probeer ons tog darem

leed VERLIG

nood VERSAG.

Die ware troos lê alleen vasgeanker in die lewende God. Hy is die God van die LEWE

en

die God van die LEWENDES.

Kom, luister net na die pragtige woorde van die Here Jesus in Johannes 14:3

"En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."

Wanneer 'n kind van God te sterwe kom, dan kom haal die Here Jesus onself na Hom toe. Hy stuur nie eers 'n engel nie. Elkeen wat Hy met sy kosbare bloed gekoop het, kom haal Hyself die ewige woonplek, by die Vader, binne.

Dit beteken dat daardie persoon wat oorlede is by God gaan inwoon.

Dit is maar net 'n kind wat na Sy vaderhuis gegaan het.

U is of was mos nooit bang om na u ouerhuis te gaan nie. 'n Ouer het mos altyd plek vir al sy kinders. En 'n ouer is bly as sy kinders kom kuier. U wat so dikwels alleen in u ouderdom bly — u is mos bly as die kinders weer na u toe kom.

So is daar ook vreugde by God die Vader vir elke kind wat tuis kom.

Dit is die hoogtepunt van ons lewe.

Ons sê so dikwels by 'n sterfbed:

Die ergste het gebeur.

Dit is nie waar nie. Die hoogtepunt van ons skoolloopbaan is tog om ons hoogste kwalifikasie te bereik. So is ons hoogtepunt van ons lewe om die ewige lewe in te gaan.

Die ergste is as ons die hemelse HEERLIKHEID sou moet mis.

As ons die HEL moet in. Dit is die *ergste* wat met ons kan gebeur.

Maar hoor waarmee troos die Here Jesus ons as ons 'n dierbare grafwaarts dra:

"As iemand My liefhet, sal hy My woorde ter harte neem en My Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon." (Joh. 14:23)

As u die Here Jesus liefhet, kom woon God nou alreeds in dié lewe by u in.

Geliefde Leser:

God woon nou by u in omdat u Hom *nou* liefhet, maar as ons ook die ewige heerlijkheid moet ingaan, *gaan woon u ook by God in*, omdat u Hom in hierdie lewe *alreeds* liefhet.

***Ds. Andries H. Mulder***

# Hoe lyk die Hemel?

(1 Thess. 4:17)

"En so sal ons altyd by die Here wees".

## HOE LYK DIE HEMEL?

Hoe sal dit in die hiernamaals wees?

Wat kan u in die lewe hierna verwag?

Die vrae het seker al by baie van u na vore gekom, en daar is ook baie antwoorde uit die Bybel op hierdie vrae.

Een ding staan egter vas.

Vir die kind van die Here het die lewe — die nuwe lewe — in Jesus Christus reeds begin.

Die nuwe lewe in Jesus Christus het reeds begin die dag met u wedergeboorte! Dit begin maar wankelig, en al kruipend vorder u totdat u kan loop, en dan al stewiger in die geloof groei u in die nuwe lewe in CHRISTUS.

- Elke dag meer afsterwe van die oumens, elke dag meer vir Christus.
- Elke dag moet die "ek" minder word, elke dag Hy meer word.
- Elke dag moet ek myself verloën, en elke dag Jesus in my verhoog.

So beweeg elke kind van die Here na 'n sekere punt, dit is om soos Paulus dit stel:

"En so sal ons altyd by die Here wees."

Om altyd by die Here te wees is om vir ewig weg te wees van sonde, verdriet, smart en die dood.

Om vir altyd by die Here te wees is om vir ewig te leef, om volle geluksaligheid te ervaar, om God te loof en te prys.

Daarom moet die kind van die Here hard werk om te groei in die geloof, om elke dag so te leef om nader aan God te beweeg.

Want om altyd by die Here te wees, is om die hiernamaals in te gaan. Die hiernamaals, die Hemel, die lewe na u sterwe is om altyd by die Here te wees.

Skrifberyming 33:1

Wat 'n liefde en volheidslewe,  
waar ons bly ons in beroem,  
het die Vader ons gegewe,  
dat Hy ons sy kinders noem!  
Maar die wêreld weet van dié  
wat uit God gebore is, nie,  
het die kennis van die Heer nie  
as hul hoogste goed begeer nie.

**Ds. L. H. van Schaik**

# Na die dood - by Christus

(Openbaring 9:14)

"Dit is die wat uit die groot verdrukking kom." Nie een van ons het nog nie een of ander tyd in sy lewe "halt!" geroep om in stilte oor die dood te bepeins nie — al was dit net vir 'n oomblik lank.

Die dood! Dit is 'n gebeurtenis wat niemand kan vryspring nie. Vroeër of later dan blaas jy jou laaste asem uit.

Maar hoedanig is die lewe anderkant die dood? Dierbares wat ons deur die dood ontval het en wat in die Here geglo het: Ons weet hulle lewe! Maar hoe sien daardie lewe daar uit?

## UIT DIE GROOT VERDRUKKING

As ons vanuit die hemel kyk na hierdie lewe waarin ons nou staan, dan kan jy daar net een ding van sê, en dit is: Dit is 'n groot verdrukking.

Op watter hoë golf jy ookal in hierdie lewe gery het, hoe voorspoedig en roemryk en gemaklik en geseënd dit ookal met jou daaraan toegegaan het toe jy hier op aarde gegaan het — as jy dit vergelyk met wat jy in die hemel beleef by Christus, dan sien jy dat jou stoflike bestaan een groot swaarkry was van die begin tot die end.

Op ander plekke in die Bybel word dieselfde saak net op 'n ander manier gestel: Rom. 8:18:

"Ek is daarvan oortuig (sê Paulus) dat die lyding wat ons nou moet verduur nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie."

2 Kor. 4:17:

"Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly."

Die gelowiges wat ons voorgedaan het in die dood, vir hulle is die daaglikse lief en leed, die sorg en die tranes en bekommernis van hierdie lewe, vir goed verby. Hulle stryd teen die sonde en die satan en die wêreld is vir altyd agter die rug.

## WIT KLERE

Hier op aarde besoedel ons ons klere, ons lewens, onself, voortdurend met die sonde wat ons bedryf en daarom moet ons telkens weer gewas word, weer vergewe word.

1 Joh. 1:7:

"Die bloed van Jesus Christus . . . reinig ons van alle sondes."

In die lewe hierna het die gelowiges wit klere aan. Maar nie draklere nie — hulle het feesklere aan.

Hulle klere is wit, hulle is wit omdat hulle gewas is in die bloed van die Lam. En nou is hulle vir altyd skoon. Hulle het die evangelie aangeneem en die Saligmaker Jesus met 'n waaragtige en lewende geloof omhels.

Jy sterf die sonde aan die duskant van die graf af. Dit bly hier agter.

As jy in Christus is, is jy 'n nuwe mens.

## NOOIT ALLEEN NIE

Openb. 7:15 :

"Hy wat op die troon sit, sal by hulle bly."

Letterlik staan daar dat Hy sy tent, sy tabernakel oor hulle sal opslaan. En dit herinner aan Israel toe hulle deur die woestyn getrek het met die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags.

Voortdurend het hulle die teenwoordigheid van die Here ervaar. En nou span die Here in die hiernamaals sy ewige tent oor jou oop. Egipte, die sonde-slawerny is nou vir goed verby. God se volk is nou permanent in sy teenwoordigheid.

Honger en dors, son en hitte — dit is die tipiese ontberings van die woestyn. Maar die ontslapenes wat klaar is met die woestynreis van hierdie lewe, is verlos van hierdie smarte.

God Self sal alle trane van hulle oë afdroog.

Hoeveel keer is 'n mens nie ineengekrimp as gevolg van 'n magdom sorges nie? Maar as ons saam met Johannes op Patmos die uitverkore kind van God in die ewigheid sien, dan merk ons op: Al sy trane is afgedroog.

So iets soos hartseer en die drukte van die lewe, ken hulle nie meer nie. Ps. 126:2 en 5:

"Toe is ons mond gevul met gelag en ons tong met gejubel toe het hulle onder die heidene gesê: Die HERE het groot dinge aan hierdie mense gedoen." "Die wat met trane saai sal met gejubel maai."

Skrifberyming 24:7:

"Ons sal in lewe en in sterwe,  
Gods eiendom vir altyd wees;  
ons sal wat Hy beloof het, erwe,  
verseël deur die Heil'ge Gees.  
Hy is die waarborg ons gegewe,  
die eerst'ling van die volle som;  
ons sal die reddingsdag belewe —  
die glorie-dag van God, wat kom."

Vir ons ontslape dierbares wat glo het daardie glorie-dag alreeds aangebreek. En vir ons wat glo wag dit nog — verseker!!!

**Ds. A. H. Grové**

# Wáár is die "verdruktes"

Geliefde Leser, . . . besef ons dit genoeg?:

Dat ná die aardse *stryd*, gaan God ons opneem in *heerlikheid!* (Ps. 73.) Die mens kyk so maklik vas . . . slegs teen hiérdie aardse stryd — maar vergeet van die komende heerlikheid;

- ons beleef ons stryd so intens, dat die heerlikheid verdwyn. EN dan word ons só moedeloos . . . só intens swartgallig! Maar só het ons in die vorige artikels gesien:
- die aardse lewe . . . dis 'n stryd
- om gelowig te bly . . . vra inspanning

Daarom sê Christus:

"Hy wat volhard tot die einde toe, sal gered word". (Matt 24; Mark 13)

*Dus:* Ná die strydende kerk op aarde . . . lê voor ons: 'n triomferende kerk by Christus.

Volgens Openbaring 7 bevind die "aardse verdrukke gelowige" hom by God in saligheid — hy of sy is in diens van God tot groot vreugde van God en mens!

Maar die vraag is: Wáár is God? Wáár is hierdie verdruktes ná die aardse stryd? In Openbaring 4 beskryf Johannes aan ons 'n "troongesig" — die plek waar die verdruktes nóú in vreugde hulle God dag en nag dien. En wat sien Johannes in Op. 4? In die eerste plek sien hy 'n *deur* (vs. 1). Hy sien 'n oop deur vir die kind van God om in te gaan. En wie is die deur? In Joh. 10 sê Christus:

"*Ek* is die deur . . ." Die kind van God, sê Op. 4, bevind hom dus "*By CHRISTUS!!*" En vers 2 sê: Christus sit op die troon . . . Hy's Koning . . . Hy regeer! Sien jy? Ná die aardse stryd . . . by Christus wat regeer in die hemel en op die aarde. En *almal* is daar ... die volgetal van gelowiges (vers 4). Ook die Heilige Gees, wat trooster is van die kerk, is daar (vers 5). En almal saam jubel en juig . . . sing dag en nag tot eer van God ... die God wat die stryd verander het in heerlikheid. Wat 'n heerlike vooruitsig . . . 'n genade om te wéét en te *glo*: Na hierdie aardse stryd, sal *God* my opneem in heerlikheid. Met verlange moet ons uitsien na daardie onbeskryflike vreugde:

By Christus is heerlike saligheid!

Glo dit net! Daarom het Christus vir/ou sonde gesterf . . . sodat jy seker kan wees en kan glo:

Dit is ook my deel uit genade!!

***Ds. Nico Ligthelm.***

# Die hiernamaals - hoe sal dit wees?

Daar sterf gemiddeld drie mense per sekonde op die aarde. Gedurig staan daar treurende mense rondom die sterfbed van 'n dierbare of rondom 'n oop graf.

Die sekel van die dood staan nooit stil nie. Dit maai dag en nag, somer en winter, jaar in en jaar uit.

En die dood is so pynlik en bitter, so wreed en finaal, so geheimsinnig en onbekend.

Maar nou het die gelowige die sekerheid: Die dood is tog nie die einde nie. Die dood is die deurgang tot die ewige lewe. Die dood bring die ware lewe aan die lig.

Want Jesus Christus het vir ons die dood oorwin, dit sy verskrikking ontnem.

En wie aan *Hom* behoort, kan seker wees dat hy eenmaal uit sy graf sal opstaan en 'n lewe in ewigheid sal ontvang, waar die dood nie meer sal wees nie.

Oor die lewe hierna bestaan by baie mense allerhande vrae in die gemoed.

Die Bybel openbaar aan ons enkele sake hieroor. Meer as wat die Bybel daarvoor sê, kan ons nie weet nie, en wil ons ook nie weet nie, want wat vir ons goed is om te weet, het God aan ons geopenbaar.

Een van die dinge wat die Bybel hieroor sê, is dat die siel van die gelowige dadelik na hierdie lewe in die heerlijkheid van die hemel opgeneem word, om daar in salige gemeenskap met Christus te verkeer. (Lukas 23:43).

Daar is 'n onmiddellike oorgang van die aarde na die hemel: Geen tydsverloop, geen bewaarplek, geen vagevuur nie.

Maar nie net die siel van die gelowige het deel aan die ewige geluksaligheid nie. Ook die liggaam sal daaraan deel kry.

Jesus is die volkome Saligmaker van die hele mens, na siel en liggaam.

En so praat die Bybel van die dag van die opstanding, wanneer die siel weer met die liggaam verenig sal word.

Die heel eerste gebeurtenis wat op die wederkoms van die Here Jesus volg, is die opstanding van die dode.

Die wyse waarop dit sal geskied, is vir ons 'n verborgenheid. Al wat ons weet, is dat dit 'n almagtig skeppende daad van God sal wees. Die liggaam wat ons dan sal ontvang, sê die Bybel, is 'n verheerlikte liggaam, onsterflik en onverganklik.

Uit die vernederende liggaam wat begrawe is, herskep God 'n verheerlikte liggaam — 'n liggaam in volle bloei en skoonheid en krag. (1 Kor. 15).

Hulle wat hier deur ouderdom verswak was, en ook die klein kinders wat hier te sterwe gekom het, sal liggame besit soos die verheerlikte liggaam van Christus — 'n liggaam in volgroeide fleur.

Almal wat hier lewensmoeg was, vol siekte en pyn, sal daar volmaak wees, sterk en onvermoeid en sonder pyn.

Daar sal geen geweens en droefheid en moeite meer wees nie; niemand sal honger of dors hê nie. Daar sal geen huwelik meer wees nie. Die gemeente van Christus is dan voltallig, en geen voortplanting is meer nodig nie.

Aan tyd en ruimte sal die verheerlikte liggaam nie meer gebonde wees nie. Groei en



verandering en veroudering sal nie meer plaasvind nie. Die teenswoordige natuurwette van swaartekrag en lugdruk en wat daarmee saamhang, sal geen effek meer hê nie.

En in daardie verheerlikte toestand sal die gelowige dan die ewige lewe ontvang; die "volkome saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor, en in die hart van geen mens opgekom het nie."

Daar sal ons God sonder enige beperking kan ken en liefhê. Daar sal ons die weelde van ewige vreugde kan smaak: Om altyd by die Here te wees. Daar sal ons as kinders van God tuis wees in die ewige Vaderhuis, om Hom daarin ewig te loof en te prys.

***Ds. Pieter van der Walt***